29 Augustus 2021

FAMILIE TUISBLAD

Jakobus 1:17-27

Lentedag

Hierdie week vier ons Lentedag (1 September). Dalk sien julle al tekens van lente soos bloeisels, nuwe klein diertjies of warmer dae in julle omgewing. Dikwels dink mense dat om "groen" te wees niks met geloof te doen het nie. Om die aarde te versorg is egter juis God se opdrag aan ons! In Koninkrykstyd dink ons veral aan Christus wat oor die aarde regeer as Koning en ons taak om saam met Hom as koningskinders oor die aarde te regeer en dit op te pas. Daarom is groen ook die simboliese kleur van Koninkrykstyd.

Die brief van Jakobus herinner ons dat ons geloof moet oorgaan tot dade. Lees die volgende teks saam in die lig van Lentedag en ons taak om die aarde op te pas:

Lees: Jakobus 1: 17-27 Hoor en doen

Gesels:

- Jakobus praat in vers 17 oor God die Vader wat geskep het en steeds lewe bring. Waar sien julle tekens van nuwe lewe en lente om julle?
- As ons kon luister (vers 17) na Moeder Aarde, wat sou sy vir ons sê? En as jy in die spieël kyk (verse 22-24) – hoe dink jy vaar jy/julle om die aarde op te pas?
- As ons wil doen wat die Woord sê (vers 22) en God se aarde oppas, en daarvoor sorg, watter gewoontes moet ons verander?

Bid:

Doen sondebelydenis ten opsigte van die ekologie. Laat iemand daarna Psalm 8 lees as vryspraak en belofte.

Doen:

Stel 'n praktiese tien-punt-plan vir julle as gesin op om "groener" te leef. Julle kan die internet raadpleeg vir sinvolle idees.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor Jakobus 1 en wat dit vir **ons en die ekologie** beteken deur die **DinkJeug Familie App** af te laai en te gebruik.

Laai die app hier af:

Google Play: https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en
Apple iStore: https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715
Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za